

LAER VOLKSKOOL



Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

SKOOLGELDE OOREENKOMS MOET VOLTOOI WORD DEUR DIE PERSOON/PERSONE WAT VERANTWOORDELIK IS VIR DIE BETALING VAN DIE SKOOLGELDE.

BEIDE OUERS IS VOLGENS WET VERANTWOORDELIK VIR DIE SKOOLGELDE

AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN

LAER VOLKSKOOL HEIDELBERG

'n openbare skool en 'n regspersoon kragtens Artikel 15 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet Nr 84 van 1996, handelend in hierdie aangeleentheid deur die Skoolhoof wat behoorlik deur die Bestuursliggaam daartoe gemagtig is (hierin later verwys as die "SKOOL")

EN

Volle name en Van _____

ID Nommer _____

Werkadres _____

Woonadres _____

Kontaknommer: Werk _____ Selfoon _____

(hierna verwys as die "OUER/VOOG")

Aangesien die partye net die beste belang van die SKOOL vooropstel, en AANGESIEN die finansiële bydraes en die positiewe gesindheid van ouers absoluut noodsaaklik geword het vir die bedryf van die SKOOL, veral gesien in die lig van die afwesigheid van finansiële bystand van owerheidsweë.

NOUDERHALWE KOM DIE PARTYE AS VOLG OOREEN:

1. Die ouer/voog is bewus daarvan dat die skool kragtens wet gemagtig word om skoolgelde te hef welke skoolgelde by wyse van 'n behoorlike goedgekeurde begroting bepaal word. Die ouer/voog is geregtig op insae in die begroting tydens skoolure.
2. Die skoolgelde is maandeliks vooruitbetaalbaar voor of op die sewende dag van elke maand.
3. **Indien die OUER/VOOG teen die 31 Maart van die betrokke jaar een of meer maande agterstallig is met sy betalings sal die volle jaar se skoolgelde onmiddellik opeisbaar en betaalbaar wees.**
4. Indien die volle jaar se skoolgelde in so 'n geval nie betaal is teen die 10dag van Junie van daardie jaar nie sal die skool geregtig wees om dagvaarding teen die OUER/VOOG uit te reik vir die verhaal daarvan en kom die partye ooreen dat die volgende bepalings van toepassing sal wees:
 - Die verskuldigde bedrag sal rente dra teen die prima bankuitleenkoers plus 3%.
 - Die OUER/VOOG sal aanspreeklik wees vir alle regskoste wat die SKOOL aangaan ter invordering van hierdie skuld op die skaal soos tussen Prokureur en eie klient welke term die OUER/VOOG erken hy verstaan of dat dit aan hom verduidelik is.
 - Die SKOOL sal ook geregtig wees om die heffing soos in paragraaf 4 hierbo in so 'n regsproses te verhaal.
 - 'n Sertifikaat deur die hof of sy gemagtigde sal as prima facie bewys van die skoolgelde, kosteheffings uitstaande, rente en enige bedrae reeds betaal dien wanneer die hof sodanig bewys verlang.
 - Die OUER/VOOG stem toe tot die uitreiking van 'n besoldigingsbeslagbevel indien hy/sy na vonnis steeds in versuim bly om die vonnis en koste te betaal.
 - Die partye tot hierdie ooreenkoms stem toe tot die jurisdiksie van 'n landroshof in enige geding wat sou voortspruit uit die verbreking van die terme soos vervat in hierdie skriftelike ooreenkoms.

Die partye kom ooreen dat hierdie die volle ooreenkoms tussen die partye vervat en dat geen verwysing hiervan geldig sal wees tensy dit op skrif gestel en deur beide partye onderteken is nie.

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN
_____ 20 _____.

HANDTEKENING VAN REKENINGHOUER: _____

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE _____ OP HIERDIE _____ DAG VAN
_____ 20 _____.

HANDTEKENING VAN SKOOLVERTEENWOORDIGER: _____